



Bio-Build

beheer poeieragtige skimmel (control of powdery mildew)

Agro-Organics

Newsletter 2


10 Aug. 06

Bio-Build vir beheer van poeieragtige skimmel op wingerd

'Poeieragtige skimmel op wingerd word deur die swam *Uncinula necator* veroorsaak. Die swam oorleef as swamdrade gedurende die winter in ogies van wingerde of as cleistotekhia in krakies in die bas van stokke. Korrels is veral vanaf bot tot ertjiekorrelstadium baie vatbaar vir die swamsiekte. Vanaf deurslaan is korrels weerstandbiedend teen die siekte en slegs korrelsteeltjies kan nog geïnfekteer raak. Met herhaaldelike gebruik van chemiese produkte, kan die swam maklik weerstand teen daardie chemiese swamdoders opbou.

Bio-Build is organies gesertifiseer en ook onder Wet 36 (L no 7039) teen poeieragtige skimmel op wingerd geregistreer. Waar Bio-Build geïntegreerd met chemiese produkte gebruik word, verhoed dit die opbou van weerstand teen chemiese swamdoders by die swamsiekte. Bio-build moet verkieslik voor ertjiekorrelstadium in die beheerprogram ingesluit word. Bio-Build gee selfs baie goeie beheer teen donsige skimmel waar dit geïntegreerd met koper gebruik word omdat dit 'n wye spektrum swamdoder is.

Persentasie beheer van poeieragtige skimmel op wingerd met Bio-Build en 'n Standaard.



Powdery mildew on vineyard is caused by the fungus *Uncinula necator*. The fungus overwinters as mycelium in buds or as cleistotekhia in cracks in the bark of vines. Bunches are susceptible from budding until pea size. Berries are resistant to the disease from veraison onwards and at this stage only rachi may get infected. The fungus may easily build up resistance against chemical fungicides with repeated use of these products.

Bio-Build is certified organics and is also registered under Act 36 (L no 7039) against powdery mildew on vineyards. Bio-Build integrated with chemical products in a program will prevent resistance build up in the fungus against these fungicides. Bio-build must preferably be included in the control programme before pea size stage. Bio-Build also gives excellent control against downy mildew where it is used integrated with copper because it is a wide spectrum fungicide.

Agro-Organics Intern

Ons nuusbriewe is beskikbaar op ons webwerf onder PUBLICATIONS.

Our news letters are available on our website under PUBLICATIONS.

Leandra Prinsloo het onlangs by ons aangesluit en behartig nou algemene administrasie en u eerste kontak met ons. Welkom aan haar.

Leandra Prinsloo has joined us recently and will manage general administration and be your first contact with us. Welcome to her.

Any technical challenges can be addressed to:

strauss@agroorganics.co.za

Or just investigate our web-site:

<http://www.agro-organics.co.za>